Reconciliation with Statement published under Government Notice No. 725 in *Union Government Gazette* of 15th May, 1959—	Ooreenbrenging met opgaaf gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 725 in *Unie Staatskoerant* van 15 Mei 1959—			
In Transit, 31st March, 1959	Onderweg, 31 Maart 1959	—	5,200,063	—
Collections, as above	Invorderings, soos hierbo	—	19,563,875	—
	£	—	24,763,938	—
In Transit, 30th April, 1959	Onderweg, 30 April 1959	—	3,472,405	—
Received into Exchequer	In Skatkis ontvang £	—	21,291,533	—

(*a*) Act No. 41 of 1925, as amended, and Act No. 56 of 1954.—Wet No. 41 van 1925, soos gewysig, en Wet No. 56 van 1954.
(*b*) Act No. 42 of 1935, as amended.—Wet No. 42 van 1935, soos gewysig.
(*c*) Section 15 of Act No. 3 of 1952.—Artikel 15 van Wet No. 3 van 1952.
(*d*) Section 5 of Act No. 53 of 1957.—Artikel 5 van Wet No. 53 van 1957.
(*e*) Section 20 (1) of Act No. 23 of 1956.—Artikel 20 (1) van Wet No. 23 van 1956.

No. 820.] [29 May 1959.

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from the 1st June, 1959, to the 1st July, 1959, both days inclusive, and that the dividends due on the 1st July, 1959, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the transfer books:—

2¾ Per Cent Local Registered Stock, 1958/63.
4⅝ Per Cent Local Registered Stock, 1976.
3¾ Per Cent Local Registered Stock, 1961.
3 Per Cent Local Registered Stock, 1957/62.
3½ Per Cent Local Registered Stock, 1954/59.
3½ Per Cent Local Registered Stock, 1963/66.
4½ Per Cent Cape of Good Hope Colonial (Perpetual) Stock.

No. 826.] [29 May 1959.

APPOINTMENT OF ACTING CUSTODIAN OF ENEMY PROPERTY.

Dr. Johannes Hendrikus de Loor, Professional Adviser in the Department of Finance, has been appointed as Acting Custodian of Enemy Property during the absence on leave of Nicholas St. Clair Read.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

No 801.] [29 May 1959.

THE GENERAL STORES REGULATIONS FOR THE SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the provisions of section *eighty-seven* of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), to repeal the General Stores Regulations for the South African Force published by Government Notice No. 1995, dated 8th December, 1922, as amended.

[*Amendment Slip No.* 34.]

No. 822.] [29 May 1959.

AWARD OF THE EFFICIENCY MEDAL.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased to approve, in terms of the Regulations published under Government Notice No. 988 of the 21st June, 1940, as amended, of the award of the Efficiency Medal to the undermentioned members of the Citizen Force:—

South African Engineering Corps.

Ex-No. 129256 Lieutenant (now Captain Permanent Force) Walter Lionel Comer Bond.

South African Corps of Signals.

Ex-No. 99099 Captain (now Major Permanent Force) George Baillie.

Technical Services Corps.

Ex-No. 35057 Staff Sergeant (now No. P.8938 Staff Sergeant Permanent Force) Nicolas Samuel Roos.

Ex-No. 237177 Private (now No. P.9290 Sergeant Permanent Force) Abraham Carl Strydom.

Ex-No. 10583 Private (now No. P.7735 Staff Sergeant Permanent Force) Ockert Jacobus Petrus van Greunen.

South African Medical Corps.

Ex-No. 188056 Corporal (now No. P.9616 Sergeant Permanent Force) Stephen Wentworth Gray.

Ex-No. 188022 Private (now No. PX22497 Corporal) Ernest Edward Herbert.

No. 820.] [29 Mei 1959.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 1 Junie 1959 tot en met 1 Julie 1959 gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 1 Julie 1959 aan die effektebesitters wat op die datum van die sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:—

Plaaslike Geregistreerde Effekte van 2¾ Persent, 1958/63.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 4⅝ Persent, 1976.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3¾ Persent, 1961.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3 Persent, 1957/62.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3½ Persent, 1954/59.
Plaaslike Geregistreerde Effekte van 3½ Persent, 1963/66.
„Cape of Good Hope Colonial (Perpetual)" Effekte van 4½ Persent.

No. 826.] [29 Mei 1959.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE BEWAARDER VAN VYANDSEIENDOM.

Dr. Johannes Hendrikus de Loor, Vakkundige Adviseur in die Departement van Finansies, is aangestel as Waarnemende Bewaarder van Vyandseiendom gedurende die afwesigheid met verlof van Nicholas St. Clair Read.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

No. 801.] [29 Mei 1959.

DIE REGULATIES IN VERBAND MET ALGEMENE BENODIGDHEDEN VOOR DE UNIE VERDEDIGINGSMACHT.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om kragtens die bepalings van artikel *sewe-en-tagtig* van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), die Regulaties in verband met Algemene Benodigdheden voor de Unie Verdedigingsmacht soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1995 van 8 Desember 1922, soos gewysig, te herroep.

[*Wysigingsblaadjie No.* 34.]

No. 822.] [29 Mei 1959.

TOEKENNING VAN DIE MEDALJE VIR BEKWAAMHEID.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 988 van 21 Junie 1940, soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die toekenning van die Medalje vir Bekwaamheid aan ondergenoemde lede van die Burgermag:—

Suid-Afrikaanse Genie.

No. voorheen 129256 luitenant (tans kaptein Staande Mag) Walter Lionel Comer Bond.

Suid-Afrikaanse Seinerskorps.

No. voorheen 99099 kaptein (tans majoor Staande Mag) George Baillie.

Tegniese Dienskorps.

No. voorheen 35057 stafsersant (tans No. P.8938 stafsersant Staande Mag) Nicolas Samuel Roos.

No. voorheen 237177 weerman (tans No. P.9290 sersant Staande Mag) Abraham Carl Strydom.

No. voorheen 10583 weerman (tans No. P.7735 stafsersant Staande Mag) Ockert Jacobus Petrus van Greunen.

Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens.

No. voorheen 188056 korporaal (tans No. P.9616 sersant Staande Mag) Stephen Wentworth Gray.

No. voorheen 188022 weerman (tans No. PX22497 korporaal) Ernest Edward Herbert.

South African Corps of Military Police.

Ex-No. 142193 Corporal (now No. P.9265 Sergeant Permanent Force) Abraham Michael Ackerman.

General Services Corps.

Ex-No. 52354 Lieutenant (Temporary Captain) John Allen Heber Rixon.

Reserve Brigade.

Ex-No. 33378 Corporal Charles James Prinsloo.

South African Air Force.

Ex-No. 209010 Air Sergeant (now No. P.8540 Air Sergeant Permanent Force) Cornelis Janse Uys.

Ex-No. 100266 Air Corporal (now No. P.8568 Air Corporal Permanent Force) David Bouwer.

Ex-No. 100603 Air Corporal (now P.8514 Air Corporal Permanent Force Jan Mathys Adam Swanepoel.

Ex-No. 95800 Air Mechanic (now No. P.8065 Air Sergeant Permanent Force) Lebbeus Reginald Laybutt.

Ex-No. 97374 Air Mechanic (now No. P.8041 Air Corporal Permanent Force) Gordon Alfred Mangion.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

No. 811.] [29 May 1959.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railways and Harbours Officers' Staff Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

OFFICERS' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from 16th February*, 1959.)

Regulation No. **36.**

Substitute the following for sub-paragraph (*e*) of paragraph (3):—

"(*e*) to a lady clerk who, before attaining the salary of £435, qualifies in such departmental subject(s) as may be stipulated from time to time by the General Manager as a pre-requisite for advancement beyond the £435 salary notch—a special increment equivalent to one salary notch."

No. 812.] [29 May 1959.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railways and Harbours Officers' Staff Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

OFFICERS' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from 18th April*, 1959.)

Regulation No. **1.**

In paragraph (3), under "sub-head of department", insert "The Research Engineer,".

Regulation No. **2.**

In sub-paragraph (2) (v) (*c*), insert "the Research Engineer,".

In sub-paragraph (4) (*d*), insert "the Research Engineer,".

Suid-Afrikaanse Korps Militêre Polisie.

No. voorheen 142193 korporaal (tans No. P.9265 sersant Staande Mag) Abraham Michael Ackerman.

Algemene Dienskorps.

No. voorheen 52354 luitenant (tydelike kaptein) John Allen Heber Rixon.

Reserwe Brigade.

No. voorheen 33378 korporaal Charles James Prinsloo.

Suid-Afrikaanse Lugmag.

No. voorheen 209010 lugsersant (tans No. P.8540 lugsersant Staande Mag) Cornelis Janse Uys.

No. voorheen 100266 lugkorporaal (tans No. P.8568 lugkorporaal Staande Mag) David Bouwer.

No. voorheen 100603 lugkorporaal (tans No. P.8514 lugkorporaal Staande Mag) Jan Mathys Adam Swanepoel.

No. voorheen 95800 lugwerktuigkundige (tans No. P.8065 lugsersant Staande Mag) Lebbeus Reginald Laybutt.

No. voorheen 97374 lugwerktuigkundige (tans No. P.8041 lugkorporaal Staande Mag) Gordon Alfred Mangion.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

No. 811.] [29 Mei 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *een-en-dertig* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet, 1925 (Wet no. 23 van 1925), goedkeuring te heg aan die volgende wysiging in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Personeelregulasies vir Amptenare:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

PERSONEELREGULASIES VIR AMPTENARE.

WYSIGINGSLYS.

(*Van krag van* 16 *Februarie* 1959 *af.*)

Regulasie no. **36.**

Vervang subparagraaf (*e*) van paragraaf (3) deur die volgende:

„(*e*) 'n Dameklerk wat voordat sy die salaris van £435 verdien, in sodanige departementele vak(ke) kwalifiseer as wat van tyd tot tyd deur die Hoofbestuurder neergelê mag word as 'n eerste vereiste vir vordering bo hierdie salariskerf—'n spesiale verhoging gelykstaande met een salariskerf."

No. 812.] [29 Mei 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *een-en-dertig* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet, 1925 (Wet no. 23 van 1925), goedkeuring te heg aan die volgende wysiging in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Personeelregulasies vir Amptenare:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

PERSONEELREGULASIES VIR AMPTENARE.

WYSIGINGSLYS.

(*Van krag van* 18 *April* 1959 *af.*)

Regulasie no. **1.**

Voeg „Die Navorsingsingenieur," in onder „onderhoof van departement" in paragraaf (3).

Regulasie no. **2.**

Voeg „die Navorsingsingenieur," in subparagraaf (2) (v) (*c*) in.

Voeg „die Navorsingsingenieur," in subparagraaf (4) (*d*) in.

Regulation No. **70.**

Within the bracket opposite "For any period not exceeding two months", insert "The Research Engineer".

Regulation No. **98.**

Under the heading *Engineering Department,* insert "The Research Engineer,".

Regulation No. **112.**

In paragraph (1), under the heading *Officer whose Decision Appealed against* and within the bracket opposite "The Chief Civil Engineer", insert "The Research Engineer".

No. 813.] [29 May 1959.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railways and Harbours Employees' Staff Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

EMPLOYEES' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from* 18*th April,* 1959.)

Regulation No. **1.**

In paragraph (3), under "sub-head of department", insert "The Research Engineer,".

Regulation No. **2.**

In sub-paragraph (2) (ii) (*b*), insert "the Research Engineer,".

Regulation No. **113.**

Within the bracket opposite "For any period not exceeding three months", insert "The Research Engineer".

Regulation No. **144.**

Under the heading *Engineering Department,* insert "The Research Engineer,".

Regulation No. **158.**

In paragraph (1), under the heading *Officer whose Decision Appealed against* and within the bracket opposite "The Chief Civil Engineer", insert "The Research Engineer".

No. 814.] [29 May 1959.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railways and Harbours Officers' Staff Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

OFFICERS' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from* 1*st February,* 1959.)

Regulation No. **31.**

Insert "personally by the officer" after "lodged" in the fifth line of sub-paragraph (1) (*a*).

Substitute the following for the last sentence of sub-paragraph (1) (*b*):—

"Appeals under this paragraph must be lodged personally by the officer concerned within fourteen days of the date upon which he received the interpretation."

Substitute the following for the last sentence of sub-paragraph (1) (*c*):—

"Appeals under this paragraph must be lodged, in each case, personally by the officer concerned within fourteen days of the date upon which he received the decision."

Regulasie no. **70.**

Voeg „Die Navorsingsingenieur" in binne die hakie teenoor „Vir enige tydperk van hoogstens twee maande".

Regulasie no. **98.**

Voeg „Die Navorsingsingenieur," in onder die hoof *Departement Ingenieurswese.*

Regulasie no. **112.**

Voeg „Die Navorsingsingenieur" in onder die hoof *Amptenaar teen wie se beslissing geappelleer word,* binne die hakie teenoor „Die Siviele Hoofingenieur" in paragraaf (1).

No. 813.] [29 Mei 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *een-en-dertig* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet, 1925 (Wet no. 23 van 1925), goedkeuring te heg aan die volgende wysiging in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Personeelregulasies vir Werksmanne:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

PERSONEELREGULASIES VIR WERKSMANNE.

WYSIGINGSLYS.

(*Van krag vanaf* 18 *April* 1959.)

Regulasie no. **1.**

Voeg „Die Navorsingsingenieur," in onder „onderhoof van departement" in paragraaf (3).

Regulasie no. **2.**

Voeg „die Navorsingsingenieur," in subparagraaf (2) (ii) (*b*) in.

Regulasie no. **113.**

Voeg „Die Navorsingsingenieur" in binne die hakie teenoor „Vir enige tydperk van hoogstens drie maande".

Regulasie no. **144.**

Voeg „Die Navorsingsingenieur," in onder die hoof *Departement Ingenieurswese.*

Regulasie no. **158.**

Voeg „Die Navorsingsingenieur" in onder die hoof *Amptenaar teen wie se beslissing geappelleer word,* binne die hakie teenoor „Die Siviele Hoofingenieur" in paragraaf (1).

No. 814.] [29 Mei 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *een-en-dertig* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet, 1925 (Wet no. 23 van 1925), goedkeuring te heg aan die volgende wysiging in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Personeelregulasies vir Amptenare:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

PERSONEELREGULASIES VIR AMPTENARE.

WYSIGINGSLYS.

(*Van krag van* 1 *Februarie* 1959 *af.*)

Regulasie no. **31.**

Voeg „deur die amptenaar persoonlik" in na „moet" in die vyfde reël van subparagraaf (1) (*a*).

Vervang die laaste sin van subparagraaf (1) (*b*) deur die volgende:

„Appèlle kragtens hierdie paragraaf moet deur die betrokke amptenaar persoonlik aangeteken word binne veertien dae vanaf die datum waarop hy die vertolking ontvang het."

Vervang die laaste sin van subparagraaf (1) (*c*) deur die volgende:

„Appèlle kragtens hierdie paragraaf moet in elke geval deur die betrokke amptenaar persoonlik aangeteken word binne veertien dae vanaf die datum waarop hy die beslissing ontvang het."

Insert "signed by him personally" after "request" in the fourth line of paragraph (2).

Regulation No. **107.**

Insert "which should be signed personally by the officer" after "notice" in the sixth line.

Regulation No. **112.**

Substitute "personally submit his notification of appeal" for "do so" in the third line of paragraph (3).

Regulation No. **113.**

Insert "signed personally by the appellant and" after "be" in the fifth line of paragraph (2).

Substitute the following for "setting forth the reasons for the further appeal" in the eighth and ninth lines of paragraph (3):—

"by means of a letter signed by him personally clearly setting forth the reasons for his further appeal which should be forwarded through the usual channels".

Substitute the following for paragraph (4):—

"(4) If the appellant be still dissatisfied, he may, within fourteen days of the receipt of the decision of the General Manager, ask in writing that the case be referred to the Railways and Harbours Board. Such a request should be signed personally by the appellant and forwarded through the usual channels."

Regulation No. **114.**

Renumber paragraphs (2) and (3) to read (3) and (4) respectively, and insert the following new paragraph (2):—

"(2) An appeal under paragraph (1) shall be made in writing and signed personally by the appellant. It must be addressed to the officer to whom the appeal is made and forwarded through the usual channels. The appellant shall clearly state the grounds upon which the appeal is based and shall indicate whether the appeal is against the finding, or the punishment imposed, or both."

No. 815.] [29 May 1959.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act, 1925 (Act No. 23 of 1925), been pleased to approve of the following amendment to the South African Railways and Harbours Employees' Staff Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

EMPLOYEES' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from 1st February,* 1959.)

Regulation No. **30.**

Insert "personally by the employee" after "lodged" in the fifth line of sub-paragraph (1) (*a*).

Substitute the following for the last sentence of sub-paragraph (1) (*b*):—

"Appeals under this paragraph must be lodged personally by the employee concerned within fourteen days of the date upon which he received the interpretation."

Substitute the following for the last sentence of sub-paragraph (1) (*c*):—

"Appeals under this paragraph must be lodged, in each case, personally by the employee concerned within fourteen days of the date upon which he received the decision."

Insert "signed by him personally" after "request" in the fourth line of paragraph (2).

Voeg „wat deur hom persoonlik onderteken is" in na „versoek" in die vyfde reël van paragraaf (2).

Regulasie no. **107.**

Voeg „wat deur die amptenaar persoonlik onderteken moet word," in na „kennisgewing" in die sesde reël.

Regulasie no. **112.**

Vervang „dit binne veertien dae na die ontvangs van die beslissing doen en die redes daarvoor" in die derde en vierde reëls van paragraaf (3) deur „sy kennisgewing van appèl persoonlik indien binne veertien dae na die ontvangs van die beslissing en sy redes vir die verder appèl".

Regulasie no. **113.**

Voeg „deur die appellant persoonlik onderteken en" in na „moet" in die vyfde reël van paragraaf (2).

Vervang „en die redes daarvoor uiteensit" in die agste en negende reëls van paragraaf (3) deur die volgende:

„deur middel van 'n brief deur hom persoonlik onderteken waarin die redes vir sy verder appèl duidelik uiteengesit word en wat deur die gebruiklike kanale aangestuur moet word".

Vervang paragraaf (4) deur die volgende:

„(4) As die appellant nog nie tevrede is nie, kan hy binne veertien dae na die ontvangs van die Hoofbestuurder se beslissing skriftelik versoek dat die geval na die Spoorweg- en Haweraad verwys word. So 'n versoek moet deur die appellant persoonlik onderteken en deur die gebruiklike kanale aangestuur word."

Regulasie no. **114.**

Verander paragrawe (2) en (3) onderskeidelik na (3) en (4) en voeg die volgende nuwe paragraaf (2) in:

„(2) 'n Appèl kragtens paragraaf (1) moet skriftelik ingedien en deur die appellant persoonlik onderteken word. Dit moet gerig word aan die amptenaar na wie geappelleer word en deur die gebruiklike kanale aangestuur word. Die appellant moet die redes vir sy appèl duidelik uiteensit, en aandui of hy teen die bevinding of die opgelegde straf of teen beide appelleer."

No. 815.] [29 Mei 1959.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *een-en-dertig* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet, 1925 (Wet no. 23 van 1925), goedkeuring te heg aan die volgende wysiging in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Personeelregulasies vir Werksmanne:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

PERSONEELREGULASIES VIR WERKSMANNE.

WYSIGINGSLYS.

(*Van krag vanaf* 1 *Februarie* 1959.)

Regulasie no. **30.**

Voeg „deur die werksman persoonlik" in na „moet" in die vyfde reël van subparagraaf (1) (*a*).

Vervang die laaste sin van subparagraaf (1) (*b*) deur die volgende:

„Appèlle kragtens hierdie paragraaf moet deur die betrokke werksman persoonlik aangeteken word binne veertien dae vanaf die datum waarop hy die vertolking ontvang het."

Vervang die laaste sin van subparagraaf (1) (*c*) deur die volgende:

„Appèlle kragtens hierdie paragraaf moet in elke geval deur die betrokke werksman persoonlik aangeteken word binne veertien dae vanaf die datum waarop hy die beslissing ontvang het."

Voeg „wat deur hom persoonlik onderteken is" in na „versoek" in die vierde reël van paragraaf (2).

Regulation No. **153.**

Insert "which should be signed personally by the employee" after "notice" in the sixth line.

Regulation No. **158.**

Substitute "personally submit his notification of appeal" for "do so" in the second and third lines of paragraph (3).

Regulation No. **159.**

Insert "signed personally by the appellant and" after "be" in the fifth line of paragraph (2).

Substitute the following for "setting forth the reasons for the further appeal" in the eighth and ninth lines of paragraph (3):—

"by means of a letter signed by him personally clearly setting forth the reasons for his further appeal which should be forwarded through the usual channels".

Substitute the following for paragraph (4):—

"(4) If the appellant be still dissatisfied, he may, within fourteen days of the receipt of the decision of the General Manager, ask in writing that the case be referred to the Railways and Harbours Board. Such a request should be signed personally by the appellant and forwarded through the usual channels."

Regulation No. **160.**

Renumber paragraphs (2) and (3) to read (3) and (4) respectively, and insert the following new paragraph (2):—

"(2) An appeal under paragraph (1) shall be made in writing and signed personally by the appellant. It must be addressed to the officer to whom the appeal is made and forwarded through the usual channels. The appellant shall clearly state the grounds upon which the appeal is based and shall indicate whether the appeal is against the finding, or the punishment imposed, or both."

Regulasie no. **153.**

Voeg „wat deur die werksman persoonlik onderteken moet word," in na „kennisgewing" in die sesde reël.

Regulasie no. **158.**

Vervang „dit binne veertien dae na die ontvangs van die beslissing doen en die redes daarvoor" in die derde en vierde reëls van paragraaf (3) deur „sy kennisgewing van appèl persoonlik indien binne veertien dae na die ontvangs van die beslissing en sy redes vir die verder appèl".

Regulasie no. **159.**

Voeg „deur die appellant persoonlik onderteken en" in na „moet" in die vyfde reël van paragraaf (2).

Vervang „en die redes daarvoor uiteensit" in die agste en negende reëls van paragraaf (3) deur die volgende:

„deur middel van 'n brief deur hom persoonlik onderteken waarin die redes vir sy verder appèl duidelik uiteengesit word en wat deur die gebruiklike kanale aangestuur moet word".

Vervang paragraaf (4) deur die volgende:

„(4) As die appellant nog nie tevrede is nie, kan hy binne veertien dae na die ontvangs van die Hoofbestuurder se beslissing skriftelik versoek dat die geval na die Spoorweg- en Haweraad verwys word. So 'n versoek moet deur die appellant persoonlik onderteken en deur die gebruiklike kanale aangestuur word."

Regulasie no. **160.**

Verander paragrawe (2) en (3) onderskeidelik na (3) en (4) en voeg die volgende nuwe paragraaf (2) in:

„(2) 'n Appèl kragtens paragraaf (1) moet skriftelik ingedien en deur die appellant persoonlik onderteken word. Dit moet gerig word aan die amptenaar na wie geappelleer word en deur die gebruiklike kanale aangestuur word. Die appellant moet die redes vir sy appèl duidelik uiteensit, en aandui of hy teen die bevinding of die opgelegde straf of teen beide appelleer."

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 766.] [11 May 1959.

CUSTOMS ACT, 1955.—OBJECTIONABLE LITERATURE: LIST No. 31 PUBLISHED SUBSEQUENT TO THE REVISED LIST PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 1510 OF THE 31ST JULY, 1956.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955 (Act No. 55 of 1955), I, JOZUA FRANCOIS NAUDÉ, Minister of the Interior, declare the undermentioned publication *and all future issues* thereof to be indecent, objectionable or obscene:—

"Culture and Life", No. 1 of 1958.

In terms of sub-section (1) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955, the said publications are, therefore prohibited from importation into the Union.

In terms of section *one-hundred and twenty-eight* read with section *one-hundred* and *twenty-six* of the said Act, any person who, knowingly has in his possession or deals with any such publications, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of one thousand pounds, or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both such fine and imprisonment.

Attention is also invited to the provisions of section *one-hundred and thirty-seven* of the said Act, in terms of which any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any such publications, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

J. F. NAUDÉ,
Minister of the Interior.

22—29

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 766.] [11 Mei 1959.

DOEANEWET, 1955.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR: LYS No. 31 GEPUBLISEER NA DIE HERSIENE LYS WAT BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1510 VAN 31 JULIE 1956 GEPUBLISEER IS.

Kragtens subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955 (Wet No. 55 van 1955), verklaar ek, JOZUA FRANCOIS NAUDÉ, Minister van Binnelandse Sake, onderstaande publikasie *en alle toekomstige uitgawes* daarvan as onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik:—

„Culture and Life", No. 1 van 1958.

Ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Unie ingevoer word nie.

Ingevolge artikel *honderd-agt-en-twintig*, gelees met artikel *honderd-ses-en-twintig* van genoemde Wet, pleeg enigeen wat willens en wetens enige sodanige publikasies in sy besit het of daarmee handel, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van 'n duisend pond of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

Die aandag word ook gevestig op die bepalings van artikel *honderd-sewe-en-dertig* van genoemde Wet, ingevolge waarvan enigeen wat 'n eksemplaar van enige sodanige publikasie verkoop, aanbied of hou vir verkoop of versprei of vertoon, 'n misdryf pleeg en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete van hoogstens tweehonderd pond of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

J. F. NAUDÉ,
Minister van Binnelandse Sake.

No. 802.] [15 May, 1959.

REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—NORTHERN TRANSVAAL BADMINTON ASSOCIATION.

It is hereby notified for general information in terms of sub-section (1) section *five* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), that the badge contained in Government Notice No. 1707 of the 7th December, 1954, has been amended to read as follows:—

Badge.—Consisting of a representation of a Barberton daisy in natural colours on a dark blue background with the words Northern Transvaal or alternatively Noord Transvaal at the top and below the word Badminton or alternatively Pluimbal, all in silver lettering.

No. 823.] [21 May 1959.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937—LICHT TO LIGHT.

His Excellency the Governor-General has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Hyman Phillip Licht, his wife, Leah Licht, and minor children, Alan James Licht, David Michael Licht and Barry Stanley Licht, residing at 5 Tainton Street, Cyrildene, Johannesburg, to assume the surname Light.

No. 824.] [21 May 1959.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937—DE GROOT TO VAN COEVERDEN DE GROOT.

His Excellency the Governor-General has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Herman Adriaan de Groot, his wife, Hester Maartje de Groot, Doen Hendrik Jan de Groot, Herman Adriaan de Groot, Franciscus Johannes de Groot and Eduard Christiaan Constantijn de Groot, residing at "Summer Hill", Firth Road, Rondebosch, Cape Town, to assume the surname Van Coeverden de Groot.

DEPARTMENT OF COLOURED AFFAIRS.

No. 819.] [29 May 1959.

AMENDMENT TO REGULATIONS PROMULGATED IN GOVERNMENT NOTICE No. 1634 OF THE 25TH OCTOBER, 1957, FRAMED IN TERMS OF SECTION *SIXTEEN* OF ACT No. 29 OF 1909 (CAPE), AS AMENDED.

The Honourable the Minister of the Interior has been pleased to make, in terms of the provisions of section *sixteen* of the Mission Stations and Communal Reserves Act, No. 29 of 1909 (Cape), as amended, the undermentioned amendments to the regulations published in Government Notice No. 1634 of the 25th October, 1957:—

By the substitution in sub-regulation (1) of regulation 88 for the words: "or the magistrate of the area concerned" and in sub-paragraph (iii) of paragraph (*b*) of sub-regulation (2) of regulation 88 for the words: "or the magistrate" in both places of the words: "for Coloured Affairs".

No. 802.] [15 Mei 1959.

REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—NOORD TRANSVAAL PLUIMBAL VERENIGING.

Kragtens subartikel (1) van artikel *vyf* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die wapen beskryf in Goewermentskennisgewing No. 1707 van 7 Desember 1954, verander is sodat dit as volg lui:—

Wapen.—Dit bestaan uit 'n voorstelling van 'n Barbertonse madeliefie in natuurlike kleure op 'n donkerblou agtergrond, met die woorde Noord Transvaal of, as alternatief, Northern Transvaal, aan die bokant en die woord Pluimbal of, as alternatief, Badminton, aan die onderkant, alles in silwerletters.

No. 823.] [21 Mei 1959.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—LICHT IN LIGHT.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Hyman Phillip Licht, sy eggenote, Leah Licht, en minderjarige kinders, Alan James Licht, David Michael Licht en Barry Stanley Licht, woonagtig te Taintonstraat 5, Cyrildene, Johannesburg, te magtig om die van Light aan te neem.

No. 824.] [21 Mei 1959.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—DE GROOT IN VAN COEVERDEN DE GROOT.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Herman Adriaan de Groot, sy eggenote, Hester Maartje de Groot, Doen Hendrik Jan de Groot, Herman Adriaan de Groot, Franciscus Johannes de Groot en Eduard Christiaan Constantijn de Groot, woonagtig te „Summer Hill", Firthweg, Rondebosh, Kaapstad, te magtig om die van Van Coeverden de Groot aan te neem.

DEPARTEMENT VAN KLEURLINGSAKE.

No. 819.] [29 Mei 1959.

WYSIGING VAN REGULASIES AFGEKONDIG BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1634 VAN 25 OKTOBER 1957 EN OPGESTEL KRAGTENS ARTIKEL *SESTIEN* VAN WET No. 29 VAN 1909 (KAAP), SOOS GEWYSIG.

Dit het Sy Edele die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens artikel *sestien* van die „Mission Stations and Communal Reserves Act", No. 29 van 1909 (Kaap), soos gewysig, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1634 van 25 Oktober 1957 as volg te wysig:—

Deur die woorde: „of die magistraat van die betrokke gebied" in subregulasie (1) van regulasie 88 en die woorde: „of die magistraat" in subparagraaf (iii) van paragraaf (*b*) van subregulasie (2) van regulasie 88 op beide plekke te vervang deur die woorde: „van Kleurlingsake".

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

No. 798.] [29 May 1959.

SCIENTIFIC RESEARCH COUNCIL ACT, 1945.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the powers vested in him by section *fifteen* of the Scientific Research Council Act, 1945 (Act No. 33 of 1945), to substitute the regulations set out in the Schedule hereto for the regulations framed under the said Act and promulgated by Government Notice No. 1495, dated 25th July, 1947, as amended.

SCHEDULE.

COUNCIL FOR SCIENTIFIC AND INDUSTRIAL RESEARCH.

SCIENTIFIC RESEARCH COUNCIL REGULATIONS.

PART I.—CONSTITUTION OF COUNCIL AND COMMITTEES.

Definitions.

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates:—

"Executive Committee" means the executive committee established under section *eight* of the Act;

"subsidiary committee" means a committee established under section *nine* of the Act, or section *eleven* of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended;

"the Act" means the Scientific Research Council Act, 1945 (Act No. 33 of 1945), as amended;

and any expression to which a meaning is assigned in the Act shall, when used in these regulations, have the same meaning unless the context otherwise indicates.

Termination of Appointment of Members of the Council.

2. A member of the Council shall vacate his seat if he—

(*a*) becomes insolvent or assigns his estate for the benefit of his creditors or makes an arrangement with his creditors;

(*b*) becomes of unsound mind or is convicted of an offence and sentenced to imprisonment without the option of a fine;

(*c*) absents himself from two consecutive ordinary meetings of the Council without the leave of the Council or the Executive Committee;

(*d*) resigns his seat in a letter addressed to the President;

(*e*) communicates to any person, otherwise than in the performance of his duties as a member of the Council, any confidential information relating to the Council's activities.

Appointment of Persons to Act for Absent Members.

3. Whenever a member of the Council has obtained leave of absence from the Council or the Executive Committee for a period exceeding six months, the Governor-General may appoint a suitable person to act in the place of the absent member during his absence on leave.

Minutes of Meetings.

4. (1) Minutes shall be kept of the proceedings of every meeting of the Council, of the Executive Committee, and of such subsidiary committees as the Council may direct. Such minutes shall be submitted for confirmation at the next meeting of the Council, the Executive Committee or the subsidiary committee, as the case may be, and shall be signed by the person presiding at that meeting.

(2) A copy of the minutes of each meeting of the Council and of the Executive Committee shall, as soon as possible after conclusion of the meeting, be sent to the Minister.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

No. 798.] [29 Mei 1959.

WET OP DIE WETENSKAPLIKE NAVORSINGSRAAD, 1945.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyftien* van die Wet op die Wetenskaplike Navorsingsraad, 1945 (Wet No. 33 van 1945), die regulasies opgestel kragtens genoemde Wet en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1495 van 25 Julie 1947, soos gewysig, te vervang deur die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE.

WETENSKAPLIKE EN NYWERHEIDNAVORSINGSRAAD.

REGULASIES VAN DIE WETENSKAPLIKE NAVORSINGSRAAD.

DEEL I.—SAMESTELLING VAN RAAD EN KOMITEES.

Woordbepaling.

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie regulasies—

„Uitvoerende Komitee" die uitvoerende komitee wat kragtens artikel *agt* van die Wet ingestel is;

„hulpkomitee" 'n komitee wat kragtens artikel *nege* van die Wet òf artikel *elf* van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig, ingestel is;

„die Wet" die Wet op die Wetenskaplike Navorsingsraad, 1945 (Wet No. 33 van 1945), soos gewysig;

en het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet gegee is, dieselfde betekenis wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word, tensy die samehang 'n ander betekenis aanwys.

Beëindiging van aanstelling van lede van die Raad.

2. 'n Lid van die Raad lê sy amp neer as hy—

(*a*) insolvent raak of sy boedel ten behoewe van sy skuldeisers afstaan of 'n reëling met sy skuldeisers tref;

(*b*) ontoerekenbaar word of skuldig bevind word aan 'n oortreding en veroordeel word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;

(*c*) sonder verlof van die Raad of van die Uitvoerende Komitee van twee agtereenvolgende gewone vergaderings van die Raad afwesig is;

(*d*) sy amp in 'n skriftelike mededeling wat aan die President gerig is, neerlê;

(*e*) behalwe in die vervulling van sy pligte as lid van die Raad aan enigeen vertroulike inligting betreffende die Raad se werksaamhede meedeel.

Aanstelling van persone om namens afwesige lede op te tree.

3. Wanneer 'n lid van die Raad afwesigheidsverlof van die Raad of die Uitvoerende Komitee vir 'n tydperk van meer as ses maande verkry het, kan die Goewerneur-generaal 'n geskikte persoon aanstel om in die plek van die afwesige lid gedurende sy afwesigheidsverlof op te tree.

Notule van vergaderings.

4. (1) Notule moet gehou word van die verrigtings van elke vergadering van sowel die Raad as die Uitvoerende Komitee, en van hulpkomitees al na die Raad gelas. Sodanige notule moet op die volgende vergadering van die Raad, die Uitvoerende Komitee of die hulpkomitee, al na die geval, vir bekragtiging voorgelê en deur die persoon wat op dié vergadering voorsit, onderteken word.

(2) 'n Afskrif van die notule van elke vergadering van die Raad en van die Uitvoerende Komitee moet so gou doenlik na afloop van die vergadering aan die Minister gestuur word.

(3) The minutes of all meetings of the Council, of the Executive Committee, and of such subsidiary committees as the Council may direct, shall be circulated to all members of the Council as soon as is practicable after the conclusion of the meeting to which they relate.

MEETINGS OF THE EXECUTIVE COMMITTEE.

5. (1) The Council may, when selecting members of the Executive Committee in terms of sub-section (1) of section *eight* of the Act, also select alternate members who may be requested by the President to serve on the Executive Committee during the temporary incapacity of a selected member.

(2) At a meeting of the Executive Committee, the President or Acting President and one other member of the Committee shall constitute a quorum.

(3) All decisions at any meeting of the Executive Committee shall be by resolution of the majority of the members present, and, in the event of an equality of votes on any matter, the President or Acting President presiding at the meeting shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

PART II.—CONDITIONS OF SERVICE OF OFFICERS OF THE COUNCIL.

DEFINITIONS.

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates:—

"Minister" means the Minister of Economic Affairs;
"officer of the council" means any person appointed in terms of section *ten* of the Act, and any person transferred to the service of the Council in terms of section *four* of the Standards (Transfer of Administration) Act, 1956;
"the Act" means the Scientific Research Council Act (Act No. 33 of 1945), as amended;

and any expression to which a meaning is assigned in the Act shall, when used in these regulations, have the same meaning unless the context otherwise indicates.

OFFICERS OF THE COUNCIL.

2. The staff of the Council shall be divided into the following categories:—

(*a*) Research, liaison, information and technical officers, including the Vice-Presidents;
(*b*) administrative and clerical officers;
(*c*) scientific and technical assistants;
(*d*) such other persons as may be appointed in terms of the provisions of these regulations.

GRADES AND SALARIES OF RESEARCH, LIAISON, INFORMATION AND TECHNICAL OFFICERS.

3. (1) The grades and salary scales applicable to research, liaison, information and technical officers and the vice-presidents shall be as follows:—

Grade.	*Scale of salary per annum.*
Vice-President	£3,200.
Director (S.A. Bureau of Standards)	£3,000.
Director	£2,600 or £2,800.
Assistant Director	£2,600.
Chief Research Officer Chief Liaison Officer Chief Information Officer Chief Technical Officer	£1,980 × £60 — £2,100 × £150 — £2,250.
Principal Research Officer Principal Liaison Officer Principal Information Officer Principal Technical Officer	£1,740 × £60 — £1,980 (male); £1,560 × £60 — £1,860 (female).
Senior Research Officer Senior Liaison Officer Senior Information Officer Senior Technical Officer	£1,380 × £60 — £1,740 (male); £1,200 × £60 — £1,560 (female).
Research Officer Liaison Officer Information Officer Technical Officer	£1,080 × £60 — £1,320 (male); £880 × £40 — £1,080 — £1,140 (female).
Assistant Research Officer Assistant Liaison Officer Assistant Information Officer	£700 × £50 — £900 × £60 — £1,200 (male); £690 × £30 — £720 × £40 — £1,000 (female).

(3) Die notule van alle vergaderings van die Raad, van die Uitvoerende Komitee, en van hulpkomitees al na die Raad gelas, moet so gou doenlik na afloop van die vergadering waarop hulle betrekking het, aan alle lede van die Raad gestuur word.

VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE.

5. (1) Wanneer die Raad die lede van die Uitvoerende Komitee ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet kies, kan hy ook plaasvervangende lede kies wat deur die President versoek kan word om gedurende die tydelike ongeskiktheid van 'n gekose lid sitting op die Uitvoerende Komitee te neem.

(2) Op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee maak die President of waarnemende president en een ander lid van die komitee 'n kworum uit.

(3) Alle beslissings op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee geskied by wyse van 'n besluit van die meerderheid van die aanwesige lede en in die geval van 'n staking van stemme in verband met 'n saak het die President of waarnemende president wat op die vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem, 'n beslissende stem.

DEEL II.—DIENSVOORWAARDES VAN AMPTENARE VAN DIE RAAD.

WOORDBEPALING.

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie regulasies—

„amptenaar of beampte van die Raad" enigeen wat kragtens artikel *tien* van die Wet aangestel is en enigeen wat kragtens artikel *vier* van die Wet op Standaarde (Oordrag van Uitvoering), 1956, na die diens van die Raad oorgeplaas is;
„Minister" die Minister van Ekonomiese Sake;
„die Wet" die Wet op die Wetenskaplike Navorsingsraad, 1945 (Wet No. 33 van 1945), soos gewysig;

en het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet gegee is, dieselfde betekenis wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word, tensy die samehang 'n ander betekenis aanwys.

AMPTENARE VAN DIE RAAD.

2. Die personeel van die Raad word in onderstaande kategorieë ingedeel:—

(*a*) die navorsings-, skakel-, inligtings- en tegniese beamptes, met inbegrip van die Vise-presidente;
(*b*) die administratiewe en klerklike beamptes;
(*c*) die wetenskaplike en tegniese assistente;
(*d*) sodanige ander persone as wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies aangestel mag word.

GRADE EN SALARISSE VAN NAVORSINGS-, SKAKEL-, INLIGTINGS- EN TEGNIESE BEAMPTES.

3. (1) Die grade en salarisskale wat op navorsings-, skakel-, inligtings- en tegniese beamptes en die vise-presidente van toepassing is, is as volg:—

Graad.	*Salarisskaal per jaar.*
Vise-president	£3,200.
Direkteur (S.A. Buro vir Standaarde)	£3,000.
Direkteur	£2,600 of £2,800.
Assistent-direkteur	£2,600.
Hoofnavorsingsbeampte Hoofskakelbeampte Hoofinligtingsbeampte Hooftegniese Beampte	£1,980 × £60 — £2,100 × £150 — £2,250.
Eerste Navorsingsbeampte Eerste Skakelbeampte Eerste Inligtingsbeampte Eerste Tegniese Beampte	£1,740 × £60 — £1,980 (manlike); £1,560 × £60 — £1,860 (vroulike).
Senior Navorsingsbeampte Senior Skakelbeampte Senior Inligtingsbeampte Senior Tegniese Beampte	£1,380 × £60 — £1,740 (manlike); £1,200 × £60 — £1,560 (vroulike).
Navorsingsbeampte Skakelbeampte Inligtingsbeampte Tegniese Beampte	£1,080 × £60 — £1,320 (manlike); £880 × £40 — £1,080 — £1,140 (vroulike).
Assistent-navorsingsbeampte Assistent-skakelbeampte Assistent-inligtingsbeampte	£700 × £50 — £900 × £60 — £1,200 (manlike); £690 × £30 — £720 × £40 — £1,000 (vroulike).

(2) After a probationary period of two years an Assistant Research Officer, Assistant Liaison Officer or Assistant Information Officer may, if accepted for permanent service, be appointed a Research Officer, Liaison Officer or Information Officer respectively at a suitable notch of the relative salary scale.

Grades and Salaries of Administrative and Clerical Officers.

4. The grades and salary scales applicable to the administrative and clerical officers shall be as follows:—

Grade.	*Scale of salary per annum.*
Secretary-Treasurer	£1,620 × £60 — £2,100 × £150 — £2,400.
Under-Secretary-Treasurer	£1,740 × £60 — £2,040.
Assistant Secretary	£1,380 × £60 — £1,740.
Accountant	£1,380 × £60 — £1,740.
Senior Administrative Officer	£1,200 × £60 — £1,560 (male); £1,000 × £40 — £1,080 × £60 — £1,380 (female).
Administrative Officer	£960 × £60 — £1,320 (male); £760 × £40 — £1,080 — £1,140 (female).
Clerk, Grade I	£650 × £50 — £900 × £60 — £1,080 (male); £540 × £30 — £720 × £40 — £880 (female).
Clerk, Grade II	£390 × £30 — £450 × £50 — £900 (male); £390 × £30 — £660 (female).
Clerk, Grade III	£270 × £30 — £420.
Special grade Woman Assistant	£480 × £30 — £720 × £40 — £760.
Woman Clerk, Grade I	£330 × £30 — £660.
Woman Clerk, Grade II	£270 × £30 — £480.
Shorthand-Typist	£330 × £30 — £690.
Typist	£300 × £30 — £540.

Grades and Salaries of Assistants.

5. The grades and salary scales applicable to assistants shall be as follows:—

Grade.	*Scale of salary per annum.*
Principal Scientific Assistant	£1,440 × £60 — £1,740 (male); £1,260 × £60 — £1,560 (female).
Senior Scientific Assistant	£1,200 × £60 — £1,500 (male); £960 × £40 — £1,080 × £60 — £1,320 (female).
Assistant Technical Officer, Research Assistant, Liaison Assistant, Information Assistant	£650 × £50 — £900 × £60 — £1,200 (male); £630 × £30 — £720 × £40 — £1,000 (female).
Scientific Assistant, Class I	£1,020 × £60 — £1,200 (male); £800 × £40 — £1,000 (female).
Scientific Assistant, Class II	£600 × £50 — £900 × £60 — £1,020 (male); £540 × £30 — £720 × £40 — £840 (female).
Scientific Assistant, Class III	£390 × £30 — £450 × £50 — £850 (male); £390 × £30 — £660 (female).
Scientific Assistant, Class IV	£270 × £30 — £420.

Grades and Salaries of Non-European Scientific Assistants.

6. The grades and salary scales applicable to non-European Scientific Assistants shall be as follows:—

Non-European Scientific Assistant, Grade I	£600 × £30 — £810.
Non-European Scientific Assistant, Grade II	£360 × £30 — £630.

Temporary Staff.

7. The Council may appoint, on a temporary basis and without membership of the Provident Fund, such European and non-European employees as messengers, cleaners, night-watchmen, unskilled laboratory assistants and other temporary officers and employees. These officers and employees shall be appointed at such salaries and upon such conditions as the Council may deem fit.

Commencing Salaries.

8. Appointments may be made at any suitable notch on any of the salary scales shown under regulations 3, 4, 5 and 6 above according to the experience and qualifications of the officer concerned.

(2) Na 'n proeftydperk van twee jaar kan 'n assistent-navorsingsbeampte, assistent-skakelbeampte of assistent-inligtingsbeampte, indien hy vir vaste diens aangeneem word, onderskeidelik as navorsingsbeampte, skakelbeampte of inligtingsbeampte teen 'n geskikte kerf van die betrokke salarisskaal aangestel word.

Grade en salarisse van administratiewe en klerklike beamptes.

4. Die grade en salarisskale wat op die administratiewe en klerklike beamptes van toepassing is, is as volg:—

Graad.	*Salarisskaal per jaar.*
Sekretaris/Tesourier	£1,620 × £60 — £2,100 × £150 — £2,400.
Ondersekretaris/Tesourier	£1,740 × £60 — £2,040.
Assistent-sekretaris	£1,380 × £60 — £1,740.
Rekenmeester	£1,380 × £60 — £1,740.
Senior Administratiewe Beampte	£1,200 × £60 — £1,560 (manlike); £1,000 × £40 — £1,080 × £60 — £1,380 (vroulike).
Administratiewe Beampte	£960 × £60 — £1,320 (manlike); £760 × £40 — £1,080 — £1,140 (vroulike).
Klerk, Graad I	£650 × £50 — £900 × £60 — £1,080 (manlike); £540 × £30 — £720 × £40 — £880 (vroulike).
Klerk, Graad II	£390 × £30 — £450 × £50 — £900 (manlike); £390 × £30 — £660 (vroulike).
Klerk, Graad III	£270 × £30 — £420.
Vroulike Assistent, Spesiale Graad	£480 × £30 — £720 × £40 — £760.
Vroulike Klerk, Graad I	£330 × £30 — £660.
Vroulike Klerk, Graad II	£270 × £30 — £480.
Snelskrif-tikster	£330 × £30 — £690.
Tikster	£300 × £30 — £540.

Grade en salarisse van assistente.

